# Hoofstuk 2.5

## NUWE GEBOUE, NUWE AANSIEN



**"Hierdie plegtigheid is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die inrigting. Hy wens hulle geluk met wat hulle bereik het. Hulle het getrou gebly aan hul ideale, en daarom het hulle gekom waar hulle vandag staan. Hierdie hoeksteenlegging is bewys van die bestaansreg van 'n inrigting van hierdie aard op Potchefstroom (hoor, hoor)... Die feit dat die Regering nou bykans £40 000 aan hierdie inrigting bestee het, is waarborg dat die Regering die reg tot voortbestaan van die Inrigting erken en bereid is om hom alle moontlike fasiliteite te gee."**

**- Dr DF Malan, tydens hoeksteenlegging van hoofgebou, 4.8.1930**

## 2.5.1 "My doodkry is min!"

Op Maandag 4 Augustus 1930 is die hoeksteen gelê van die indrukwekkende hoofgebou van die PUK en agt maande later, op 4 April 1931, is dit amptelik in gebruik geneem. Skaars twee jaar na die byna vernietigende veroordeling van onder andere die fisiese voorkoms van die universiteitskollege deur die Van der Horst-kommissie het hierdie stylvolle kolos, ontwerp deur die firma Louw en Louw van Bloemfontein, tussen die skamele, onindrukwekkende sinkgeboue op die kampus verrys. Daarmee is die boodskap die wêreld ingestuur dat die PUK gekom het om te bly. Of soos Totius dit so treffend gedig het, oor die besembos daar op die uitgestrekte karoovlaktes van Burgersdorp in die Noordoos-Kaap: "My doodkry is min!"

Dit was nie dat die gebou in 'n rekordtyd van agt maande gebou is nie. Inderdaad was die gebou feitlik reeds heeltemal voltooi toe die hoeksteen deur dr DF Malan, minister van Onderwys, gelê is en wel omdat dit die eerste geleentheid daartoe was vir Malan, wat ook nog die kabinetsportefeuljes Binnelandse Sake en Volksgesondheid behartig het. En vir die PUK was dit van groot simboliese betekenis dat die pligpleging juis deur Malan behartig sou word, gesien die voorafgaande jarelange stryd met die minister (en sy voorganger) en die departement, onder andere juis oor die finansiering van doeltreffende geboue maar ook oor die kwessie rondom die gewetensklousule.

Hierdie luisterryke geleentheid is in woord en beeld vasgelê in 'n brosjure wat 76 bladsye beslaan. Tensy anders vermeld, is die beskrywing van die destydse verrigtinge wat hierna volg, gebaseer op gemelde publikasie onder die titel *Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege: hoeksteenlegging van die hoofgebou. 20 Augustus 1930.*

## 2.5.2 "Gedenkwaardige dag": Hoeksteenlegging van hoofgebou

Die seremonies rondom die hoeksteenlegging van die nuwe hoofgebou was 'n feesgeleentheid soos min, daardie eerste paar dae van Augustus 1930. Dit is



***2.5.1***

***Verteenwoordigers van PUK-komitees het eers vooraf kongres gehou.***

voorafgegaan, op Saterdag 2 Augustus, deur 'n kongres van verteenwoordigers van die PUK-komitees wat sedert die verslag van die Van der Horst-kommissie op inisiatief van prof Ferdi Postma landswyd soos paddastoele opgeskiet en ten tye van die kongres altesaam 77 getel het. Ongeveer 30 van hierdie komitees was op die kongres verteenwoordig.

Die groot gees en dryfkrag agter die totstandkoming van die komitees, rektor Postma, het as voorsitter die afgevaardigdes opgewek om die Christelike beginsels in die beoefening van die wetenskap uit te dra. En hulle aangemoedig om inligting oor die PUK in hul omgewings te versprei, met die oog op werwing van studente en die bevordering van die beeld van die universiteit.

Met die boodskap dat die PUK gehandhaaf moes word, het Postma gewys op die disintegrasie van die Universiteit van Suid-Afrika as federale universiteit en wel as gevolg van die toenemende neiging tot selfstandigwording by groter universiteitskolleges. Witwatersrand het reeds afgeskei, Pretoria word in Oktober 1930 'n selfstandige universiteit en verwagtinge is dat Grahamstad (Rhodes), Bloemfontein (Grey) en Pietermaritzburg (Natal) die voorbeeld sou volg. Wat oorbly is Potchefstroom en Wellington - en daar is al reeds tydens die jongste parlementsitting geskimp dat hulle óf sou verdwyn óf by 'n groter universiteit ingelyf moes word.

Die skimp waarna Postma verwys het, was die woorde van die voorsteller van die privaat wetsontwerp op die Universiteit van Pretoria, dr Hjalmar Reitz, wat goedkeurend verwys het na die neiging dat sekere universiteitskolleges na onafhanklikheid streef en daaraan toegevoeg het: "… en dan kan ons die twee stiefkinders wat oorbly, nl. Wellington en Potchefstroom, by bestaande Uniwersiteite laat aansluit, b.v. Potchefstroom by Pretoria en Wellingtong by Stellenbosch, waar dit eintlik reeds by behoort".[1] Maar vir JH Hofmeyr was daar 'n ander gevaar en implikasie wat die ontwikkeling van kolleges tot selfstandigheid kon hê, naamlik dat Potchefstroom en Wellington uiteindelik met al die bates van die federale universiteit sal sit! Volgens wetgewing moet kolleges self inisiatief tot selfstandigheid neem, en hy wonder of dié twee onder daardie omstandighede dit sou doen.[2]

Goeie beginsels alleen is nie voldoende om die PUK te handhaaf nie: daar moet ook netjiese en doeltreffende geboue wees. Dit is onpedagogies en vernederend om jaar in en jaar uit in hout- en sinkgeboue te sukkel, sê Postma, en kom dan met 'n belydenis wat waarskynlik soos musiek in die ore van Van der Horst en sy medekommissielede sou geklink het: "Tereg of ten onregte beoordeel 'n vreemdeling so 'n inrigting met sy werk en met sy ondersteuners na die uiterlike vertoon. En werklik, dames en here, die P.U.K. wat sy kleed betref, maak 'n uiters treurige indruk."

Aan die einde van sy rede kom Postma vorendag met sy deurwinterde visie, 'n visie wat reeds aan die begin van die eeu in gesprekke met vriend Japie du Toit (Totius) langs die gragte van Amsterdam vorm aangeneem het: "So sal gehandhaaf en gebou word, en uiteindelik – mag God dit gee – moet die P.U.K. uitgroei tot 'n **Kristelike Universiteit,** wat sy plek selfstandig naas ander Universiteite in ons land sal inneem."

Ook Raadsvoorsitter ID Kruger het teruggegryp na die verslag van die Van der Horst-kommissie en toegegee dat hulle die PUK se geboue en laboratoriums met reg ten sterkste afgekeur en beoordeel het. Dit het die Raad voor die keuse te staan gebring om óf die PUK as inrigting op te hef óf om behoorlike, doelmatige geboue te laat oprig. Die laaste weg is gevolg, sê Kruger, en lig die ondersteuners gevolglik in oor die Raad se bouplanne:

- die hoofgebou, in aanbou – koste £18 948
- twee laboratoriumgeboue, een vir Dier- en Plantkunde en een vir Natuurkunde – koste £25 000
- twee nuwe losieshuise, waarmee reeds begin is: een vir dames en vir losiesouers en een vir mans - koste £10 000

Ná hierdie inligtingsessie is gedagtes gewissel oor die organisasie en werksaamhede van die PUK-komitees. Daar is weggeskram van oororganisasie en die hantering van die saak is grootliks gelaat in die hande van die administratiewe personeel van die Universiteit. Die behoefte is uitgespreek dat lede van die Raad en personeel van tyd tot tyd die PUK-komitees sou kom toespreek, terwyl die komitees van hulle kant onderneem het om studente te werf.

Daar is ywerig meegepraat oor die belangrike agendapunt van geldinsameling en verskeie skemas is aan die hand gedoen. Daar was wye entoesiasme vir wat genoem is die kamerstelsel, waarvolgens individuele persone of instansies vir die kostes van bepaalde vertrekke sou instaan. Erkenning sou by wyse van inskripsies op koperplate in die vertrekke aangebring word. Prof JD du Toit het daarop gewys dat as dit op dié wyse afbetaal is, "die hoofgebou tot in die verre toekoms daar sal staan as monument wat aan ons Regering en aan die wêreld sal bewys wat gedoen kan word deur die ondersteuners van die P.U.K., wat deur die Uniwersiteitskommissie destyds aangedui is as slegs 2.6 persent van die Afrikaanse volk". Du Toit het eintlik bedoel die Suid-Afrikaanse volk, in die destydse idioom

die Afrikaans- en Engelssprekendes oftewel die blanke komponent van die inwoners van die land.

Die kommissieverslag van 1928 was opsigtelik nog 'n teer puntjie by die PUK-voormanne …

Saterdagaand het studente en oudstudente byeengekom in wat bestempel is as 'n "Re-unie"-vergadering, gereël deur die Studenteraad. Die mikpunt was die stigting van 'n vaste organisasie om nouer en hegter bande tussen studente en oudstudente te smee en om te help met die werwing van studente en fondse.

Rektor Postma het die byeenkoms toegespreek oor die boufonds en die werking van die PUK-komitees en weer klem gelê op die pedagogiese eis vir goeie geboue: "Dit is tog onmoontlik om in minderwaardige geboue 'n besef en gevoel van netheid en kiesheid aan te kweek. Ook die geboue en die omgewing moet daartoe meewerk om selfrespek te bevorder. Die minderwaardige geboue, waarin die P.U.K. tot dusver gehuisves was, kon nie anders as 'n gevoel van minderwaardigheid ook by die studente te laat ontstaan nie."


As aptytwekkers vir fondsinsameling hou Postma voor die Jan Marais-fonds van £100 000 van die Universiteit van Stellenbosch, die Jaggerskenking van £27 000 aan Universiteit Kaapstad en £50 000 donasies wat die Natalse Universiteitskollege ontvang het. En hy speel op die gevoel van die PUK-ondersteuners: uit hulle donasies sal dit blyk of die beginsel waarvan die PUK die draer is, vir hulle erns is.

Na heelwat bespreking, met sienswyses wat "nogal sterk" uiteenlopend was, is teen 'n vaste organisasiestruktuur besluit. Die verskillende belangeroepe sou inteendeel elke drie jaar deur die rektor in kongres byeengeroep word. "Omtrent 11 uur het die aanwesiges uiteen gegaan onder 'n diep besef dat hulle, hoewel nie deur 'n uitwendige organisasie, tog deur 'n innerlike, onsigbare beginsel saamgebind word, wat onbreekbaar van aard is", sluit die verslag van hierdie verrigtinge af.

Op Sondag 3 Augustus het drie van die groot geeste in die Gereformeerde Kerk en in PUK-verband die PUK se taak en rol as beoefenaar van die Christelike wetenskap van die kansel af behandel. Prof JA du Plessis het dit gehad oor "Die lig skyn in die duisternis" (Johannes 1 vs 5), ds JV Coetzee oor "Hulle is Myne" (Genesis 48 vs 1-6) en prof JD du Toit oor "Herbou van Jerusalem se stadsmuur" (Nehemia 3).

**En só breek Maandag 4 Augustus 1930 aan, beskryf as "een van die groot dae" in die geskiedenis van Potchefstroom, 'n "gedenkwaardige dag" in die geskiedenis van die PUK. Die gees van die tyd, die atmosfeer wat daar rondom die byna voltooide gebou geheers het en die impak van die verrigtinge die dag word goed weergegee uit die gepubliseerde verslag wat destyds onder meer uit beriggewing van *Die Burger* en *Die Weste* saamgestel is. Op die volgende paar bladsye word lesers, sover moontlik, eerstehands ingelig oor die gebeure dáár in die groeiende skaduwee van die ongepleisterde rooi baksteengebou, kompleet met steiers rondom.**

In aanwesigheid van meer as 'n duisend belangstellendes, onder wie verteenwoordigers van die Kabinet, van onderwysinrigtings, van kerke en verder 'n hele aantal Volksraadslede en Senatore, het die Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, op Maandag, 4 Aug., 1930, om 3 n.m. die hoeksteen van



OP „BEVEL" VAN DIE STUDENTE STAP DIE MINISTERS OOR UIT DIE MOTER IN DIE OPGETOOIDE KOETS.

63

die nuwe hoofgebou van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege gelê. Daar was o.m. teenwoordig die Minister van Lande, mnr. P. G. W. Grobler, die prinsipaal van die Randse Uniwersiteit, mnr. R. H. Raikes, dr. N. M. Hoogenhout, Onderkanselier van die Uniwersiteit van Suidafrika, en verder lede van die Raad en die Senaat van die P.U.K., en lektore en studente van die inrigting.

Dr. Malan en min. Grobler is deur 'n aantal studente in 'n getooide koets na die P.U.K.-geboue getrek, iets wat die hoë besoekers blykbaar baie geniet het.



GEREED OM TE VERTREK NA DIE HOOFGEBOU.

Pragtige weer het die verrigtings begunstig, wat Potchefstroom seker sal onthou as een van die groot dae in sy geskiedenis.

Ds. I. D. Kruger van Bloemfontein, Voorsitter van die Raad van die P.U.K., lees 'n Skrifgedeelte voor uit Exodus 17, waarna Ds. D. Postma van Burgersdorp, K.P., Voorsitter van die Kuratore van die Gereformeerde Kerk, voorgaan in 'n kragtige gebed.

Onder leiding van Mev. Prof. Dr. Boshoff sing die koor toe:—

64

„U alleen, U loven wij:
Ja, wij loven U, o Heer!
Want Uw naam, zoo rijk van eer,
Is tot onze vreugd nabij:
Dies vertelt men, in ons land,
Al de wondren Uwer hand." — (*Ps.* 75:1).



OP 'N VINNIGE DRAF WORD DIE MINISTERS VERVOER NA DIE HOOFGEBOU.

Nadat hy almal by hierdie "gedenkwaardige dag in die geskiedenis van die P.U.K." welkom geheet het, het Postma die toehoorders vlugtig saam met hom op die pad van die geskiedenis geneem. Vervolgens wys hy op die vooruitgang sedert inkorporasie nege jaar tevore: destyds 5 professore, 9 lektore en 52 studente; tans 15 professore, 6 lektore en 240 studente. Uitwendig was daar nie veel vordering nie, sê hy, maar die verslag van die Van der Horst-kommissie enkele jare gelede het só 'n indruk op dr Malan gemaak dat hy 'n nuwe lening vir geboue toegestaan het. En pas die oggend het die minister laat blyk dat hy ook 'n lening vir laboratoria in gunstige oorweging kan neem. Hierdie mededelinge is met geesdriftige "hoor-hoor's" begroet.

Postma het ook sy dank uitgespreek vir die werk en toewyding van personeel en studente "wat met lydsaamheid en geduld al die jare die ongemak en ongerief van die sinkgeboue verdra het". Soos oral en altyd, het Postma die klem laat val op die beginsels van die PUK, synde kortliks saamgevat as "kristelik-nasionaal". Hy bestempel die Christelike opleiding van die studente en die Christelike beoefening van die wetenskap as "die **penwortel**" van die PUK: as dit afgesny word, sal die PUK geen reg van bestaan meer hê nie. En weer word uitgespel dat dit geen kerkistiese beginsel nie, maar inderwaarheid 'n interkerklike beginsel is: "Die P.U.K. wil wat alle kristelike kerke bely..."

Postma definieer daarna die nasionale beginsel, wat daarmee saamgaan, en sê dat die woord "nasionaal" nie in politieke sin opgevat moet word nie, maar slaan op die Suid-Afrikaanse bevolking, Engels- en Afrikaanssprekend, wat oorwegend Christelik is en op die ou Protestantse geloof gebaseer is. Die PUK staan, volgens hom, "op die grondslag van die ou Protestantse geloof en is **Nasionaal** in die mees verhewe sin".


Hierna het Postma 'n aantal bedankings gedoen, onder meer aan die kuratore van die Teologiese Skool as "die geestelike vaders van hierdie inrigting" en 'n woord van "besonder hartlike dank" aan minister oftewel "Oom Piet" Grobler, veral vir sy ondersteuning van dr Malan in die kabinet. Hy bring ook Totius se preek die vorige aand, oor die herbou van Jerusalem se mure deur die bouwerk stuk vir stuk onder die volk te verdeel, in verband met die besluit om die koste van die hoofgebou kamersgewys deur weldoeners te laat afbetaal en kondig aan dat koperplate ter nagedagtenis van die skenkers in die betrokke kamers aangebring sal word.

Ons volg die verdere verloop en gebeure aan die hand van die destydse verslag:

69

kening te neem. Die Raad het hierdie plan goedgekeur en verder onderneem om 'n koperplaat in elke kamer te laat aanbring tot gedagtenis van die skenkers.

Onder luide toejuiging maak Prof. Postma bekend dat aan hom 'n paar minute gelede meegedeel is dat Komdt. A. J. Alberts van Potchefstroom onderneem het om vir sy rekening die Senaatsaal vir die som van £850 te neem.



KOMDT. A. J. ALBERTS.

Hierop is die milde gewer skouerhoog deur 'n aantal geesdriftige studente gedra.

Na die entoesiasme 'n bietjie bedaar het, spreek Prof. Postma gevoelvol sy dank uit aan Komdt. Alberts en vertrou dat die voorbeeld deur vele sal nagevolg word, sodat die hoofgebou 'n historiese gebou mag word.

Ten slotte, sê die spreker, wil hy Dr. Malan sy innige en opregte dank betuig vir die wyse waarop hy hom bereid ver-

klaar om hierdie inrigting te steun en dit ookal reeds gedoen het. „As dan, Dr. Malan," vervolg die spreker, „aan u die troffel sal oorhandig word deur 'n verteenwoordiger van die boumeestersfirma Louw en Louw, versoek ek u uit naam van die Raad, Senaat, studente en oud-studente van die P.U.K. om die hoeksteen van die hoofgebou van die P.U.K. te lê, en mag die gebou onder Gods seën 'n monument bly vir ons kristelik-nasionale beginsels."

Onder geesdriftige applous het Prof. Postma gaan sit.

Mnr. George Louw, van die boumeestersfirma Louw en Louw, het daarop 'n silwer troffel aan dr. Malan oorhandig en hom versoek om die hoeksteen te lê.

Die hoeksteenlegging is opgevolg deur drie luide hoera's van die studente van die P.U.K.

## DIE P.U.K. UITSAAISTASIE VAN KRISTELIKE WETENSKAPLIKE BEGINSELS.

Die skare is daarop toegespreek deur Min. P. G. W. Grobler. Hy noem dit 'n blye dag en wil sê: Verag die dag van klein dinge nie! Die inrigting het klein begin met 'n professor en vyf leerlinge maar met 'n geloof van siende die onsienlike dinge het die inrigting gegroei. Die P.U.K. sal wetenskap bring, en wetenskap is lig. Dis egter lig wanneer dit voorkom soos die Psalmdigter sê: In Uw licht zien wij het licht. Ook die wetenskap moet besien word by die lig van Gods woord. Dan alleen is ons gevrywaar teen die toestande soos in Rusland geskep is deur die ongeloof. Dis deur die ongeloof wat al die moeilikhede in die wêreld veroorsaak word. Dit kom wanneer mense die feite van die Bybel vir onwaar hou. 'n Voorbeeld word gevind by baie mense wat nie wil glo dat in die sweet van die aanskyn brood geëet moet word nie. Mense wil nie glo dat elke beroep 'n goddelike beroep is nie.



Min. P. G. W. Grobler.



Min. Grobler hoop dat die P.U.K. sal uitgroei tot 'n onafhanklike uniwersiteit en dat dit in der waarheid 'n intellektuele uitsaaistasie van Kristelike wetenskaplike beginsels sal wees. (Toej.)

## MYLPAAL IN GESKIEDENIS.

Onder luide toejuiging het dr. Malan opgestaan en bedank vir die eer wat hom aangedoen word. Die hoeksteen word vandag gelê van 'n gebou wat reeds klaar is. Dit is omdat die Raad die plegtigheid uitgestel het totdat hy dit kon bywoon.

Hierdie plegtigheid is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die inrigting. Hy wens hulle geluk met wat hulle bereik het. Hulle het getrou gebly aan hul ideale, en daarom het hulle gekom waar hulle vandag staan.

Hierdie hoeksteenlegging is bewys van die bestaansreg van 'n inrigting van hierdie aard op Potchefstroom (hoor, hoor). Die verslag van die Kommissie insake Hoër Onderwys was deur sommige persone so vertolk dat dit die harte van baie van die ondersteuners van hierdie inrigting laat vrees het. Die vertolking van die verslag was egter ietwat verkeerd. Die verslag het in werklikheid gesê dat die inrigting óf beter toegerus moet word óf anders heeltemal moet verdwyn. Die ondersteuners van die inrigting het dadelik bygespring en aan die Regering getoon dat hulle die voortbestaan begeer en bereid is om daardie voortbestaan te regverdig.



Min. D. F. Malan.

Die feit dat die Regering nou bykans £40,000 aan hierdie inrigting bestee het, is waarborg dat die Regering die reg tot voortbestaan van die inrigting erken en bereid is om hom alle moontlike fasiliteite te gee.

Dr. Malan het daar vervolgens nadruk op gelê dat daar in 'n land noodwendig verskeidenheid moet wees en dat hierdie verskeidenheid hom ook moet openbaar in ons hoër onderwys. Potchefstroom het vanweë sy ligging en sy belang-



rikheid aanspraak op 'n inrigting vir hoër onderwys en het in hierdie opsig 'n besondere doel om te dien.

### *Godsdiens en Wetenskap.*

Wat die verhouding tussen godsdiens en die wetenskap betref, sê die Minister dat die godsdiens, om werklik gesond en lewendig te wees, moet rekening hou met die wetenskap en dat terselfdertyd die wetenskap om sy doel suiwer te dien, die godsdiens in aanmerking moet neem. Spreker lê nadruk op die mate waarin die staat hoër onderwys in Suid-Afrika steun. Gemiddeld dra die staat £5 by tot elke £2 wat die inrigtings self versamel. Wat Potchefstroom betref, is die sy-



Minister Dr. MALAN AAN DIE WOORD.

fers £4 en £1. Hierdie inrigting is derhalwe onder die mees begunstigdes wat staatshulp betref. Afgesien daarvan kan uit syfers gesien word dat ons uniwersiteite in Suid-Afrika byna staatsinrigtings is.

Die Regering gebruik die geld van die algemene belastingbetaler om die inrigtings te help, en die gevolg is derhalwe dat die staat sekere verpligtings teenoor die algemene belastingbetaler in hierdie opsig het. In die eerste plaas is daar die regte van die minderhede, wat die staat moet beskerm. Hier kom taal in aanmerking. In ons hoër onderwys is die regte



van die minderhede in hierdie opsig nog nooit voldoende beskerm nie.


### *Die Twee Tale.*

Daar was 'n tyd in die verlede toe die Regering van die dag 'n rondskrywe uitgestuur het met die opdrag om toe te sien dat elke student onderrig sal ontvang in die taal wat hy begeer. Daarby het dit egter gebly, en die toestand het ook so gebly. Spreker reken dat dit onprakties sal wees om te verwag dat elke dosent wat in ons uniwersiteite aangestel word, tweetalig moet wees. Die wetenskap sal miskien daaronder ly. Terselfdertyd is dit onprakties om te verwag dat die een



DIE HOOFGEBOU TEMIDDE VAN DIE SINKGEBOUE.

helfte van die klasse aan alle inrigtings in die een taal en die ander helfte in die ander taal gegee sal word. Die enigste gesonde oplossing, meen hy, is derhalwe om die een inrigting hoofsaaklik Engels en die ander hoofsaaklik Afrikaans te maak, en dan in die geval van die inrigtings waar studente van albei groepe in aansienlike getalle aanwesig is, te sorg dat die regte van minderhede beskerm word. As iemand anders 'n beter weg aan die hand kan gee, sal hy bereid wees om die beste te aanvaar.



74

*Plig van die Staat.*

In die twede plaas is dit die plig van die staat om die vryheid van godsdiens sowel as die vryheid van die wetenskap te beskerm. Daar was 'n tyd toe die staat sowel as die kerk hulle die reg toegeëien het om tussen die gewete van die indiwidu en sy Skepper te tree. Protestantisme het daardie gewaande reg uit die weg geruim. Een van die grondbeginsels van ons maatskappy is 'n vrye kerk en 'n vrye staat.

Die wetenskap kan nooit die plek van godsdiens inneem nie. Die wetenskap bepaal hom tot die sigbare wêreld en die godsdiens tot die onsigbare wêreld. Elkeen het sy eie roeping.

In hierdie verband behandel die Minister die klagte wat hom soms bereik dat sekere dosente aan uniwersiteite uit hul pad gaan om die godsdiens aan te val en te verkleineer. As sulke persone uit hul pad gaan om dit te doen, sê die Minister, behoort hulle nie daar te wees nie, en is dit ook die plig van die staat om in te gryp. Sulke gevalle moet egter grondig bewys kan word, en ook dat sulke persone werklik uit hul pad gaan om dit te doen.

*Heerskappy van God erken.*

As nou logies afgegaan word op die vorige, t.w. die plig van die Staat om te beskerm, sê die Minister, kan dit seker nie gesê word dat die Staat godsdiensloos is as hy dit ook sy plig ag om die wetenskap te beskerm nie. Van Suid-Afrika kan mins van alle gesê word dat dit 'n godsdienslose Staat is, want die wysiging van die Grondwet, waardeur ons die heerskappy van God in ons landsake erken, was 'n onmiskenbare belydenis van die houding van die Staat. Die Staat kan nie godsdiensloos en ook nie sedeloos wees nie. Dit is sedelik omdat hy die hoë sedelike beginsels in die volk moet handhaaf.

„Wat Suid-Afrika betref," sê die Minister, „gaan ek sover om te sê dat die Staat die kristelike moraliteit moet aanvaar omdat meer as 95 persent van ons volk aanhangers is van die kristelike geloof."

Die toespraak van Dr. Malan is met aandag gevolg en luid toegejuig.

Dr. Hoogenhout spreek hierna 'n paar woorde van gelukwensing en wens die inrigting 'n groot en pragtige toekoms

Die verrigtinge is die aand afgesluit met 'n noenmaal ter ere van die twee ministers, in die King's Hotel. In sy heildronk op die bedaarde dr Malan het prof Postma speels gevra waarom hy, synde van Franse afkoms, nie opgewonde raak nie. Onder luide toejuiging het Malan geantwoord "dat ons vandag almal Suid-Afrikaners is of ons nou van Franse, Hollandse of Engelse afkoms is".

Rektor RH Raikes van Witwatersrand, wie se aanwesigheid hoog gewaardeer is, het kortliks sy waardering uitgespreek "vir die werk wat hier gedoen word" en het vertrou dat daar vorentoe noue samewerking tussen die twee inrigtings sou wees.

En wie sou nou kon dink dat prof JD du Toit, oftewel Totius, ook in 'n grapjas sou kon ontpop? Ja, inderdaad: hy steek 'n "baie luimige toespraak" af, toe hy die heildronk op die ministers en volksraadslede instel. "Daar Min. Grobler weens amptelike werksaamhede nie aanwesig kan wees nie, moes Prof. du Toit die Minister 'in die gees' toespreek. Dit was meesterlik en die gaste het geskater van die lag."

## 2.5.3 Ingebruikneming hoofgebou en koshuise

Saterdag 4 April 1931, presies agt maande na die hoeksteenlegging, is daar weer groot doenigheid by die hoofgebou. Nou egter, is daar geen teken van ongepleisterde mure, steierplanke en boubedrywigde, soos op 4 Augustus die vorige jaar nie. Nee, die voltooide, witgeverfde gebou pryk in al sy glorie tussen die sinkgeboue wat soos 'n erewag voor en langsaan uitsprei.

In die studenteblad het korrespondent "P.U.K." só verslag gedoen van die verrigtinge: [3]

"Die dag waarna met soveel verlange uitgesien is het aangebreek. Dit is 'n stil môre, die lug is bedek met 'n dun wolkvlies, 'n voorspelling van 'n baie aangename dag vir die verrigtinge. Dit is nog vroeg, maar reeds hou daar enkele moterkarre stil voor die gebou en dames is besig om skinkborde en mandjies koek af te laai, ook sien ons 'n streep studente wat koek aandra van die losieshuis af na die gebou toe. Dit alles voorspel 'n groot feestelikheid. Voor die gebou is mnr Heidema ernstig besig aan die kandelaar.

"Stadig kom daar nou meer mense aan en begin moterkarre die pad om te ry, maak hulle draai met die sirkelpad voor die gebou om, en hou daar skuins voor die gebou stil. Die klein groepies mense daar tussen die groot arms van die gebou groei vinnig aan, totdat dit 'n groot skare van belangstellendes is, almal om deel te neem aan die feestelike ingebruikneming van die sierlike gebou, die vervulling van soveel verwagtinge."

'n Klokkie lui en rektor Postma stel Raadsvoorsitter WJ de Klerk aan die woord. Na 'n gebed en samesang dink de Klerk hardop terug aan die tyd toe hy saam met ds Postma en prof JD du Toit in Kaapstad was en vir subsidie gevra het vir die literariese afdeling van die Teologiese Skool: "Wie sal die dae van spanning vergeet, toe hulle daar onder die eikebome gewag het vir die antwoord op hulle ernstige versoek, wie sal die blydskap vergeet toe hulle die tyding ontvang van die toegestane subsidie?" En hy betuig dank aan senator FS Malan, toenmalige minister van Onderwys, vir sy destydse ondersteuning.

De Klerk roep ook in herinnering "die tweede tyd van spanning", naamlik toe daar geveg is vir inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika, en die rol wat volksraadslid JA Venter en senator P van der Walt destyds gespeel het. "Weer dae van spanning. Die bestaan van die Kollege het in 'n weegskaal gehang. Wie sal ooit die blye uitslag van die werk vergeet?" Hy bring hulde aan genoemde driemanskap: "Die name van die persone staan geskryf in die annale van die P.U.K.".




*2.5.2*

*Welkom!*


Op versoek van prof Postma sluit senator Malan die senaatskamer oop "en terwyl die skare in stille afwagting toeskou, bars die studente los met hulle oorlogskreet, en die Nuwe Geboue beantwoord dit met 'n vriendelike weerklank". Die groot skare stroom na binne en neem plekke in terwyl die senaats- en raadslede met al die eregaste op die verhoog stelling inneem.

Eerste aan die woord is prof JD du Toit, wat met fyn humor "die aandag van die skare geboei, en ten volle sy woorde laat indruk (het)". Ook hy wys daarop dat senator Malan "in die donker tyd" opgetree en die PUK beskerm het, en voeg by: "Destyds het hy ons gevra wat het ons om hom te wys? en ons kon net antwoord: 'Niks as ons beginsel waarvoor ons staan'. Vandag kan 'n pragtige gebou gewys word, vir ons nog mooier as die Parlementsgebou ...!"

Vir sy gewaardeerde bydrae en rol is die goue sleutel waarmee die gebou ontsluit is aan Malan oorhandig terwyl 'n tablet met die bewoording "Aan Sy Ed. Senator F.S. Malan, ons ondersteuner as Minister van Onderwys by die Wetlike Erkenning van die P.U.K. 1919 - 1921" almal wat in die saal kom, "altyd [sal] herinner aan die man wat ons in donker dae ondersteun het". Senator Malan het sy dank betuig vir die hulde oor die "in die oog beskeie deel" wat hy bygedra het, maar hy meen hierdie hulde kom eerder die geloofshelde toe, diegene wat sedert die stigting van die Teologiese Skool en deur al die krisisse heen "met soveel liefde en vuur vir die inrigting geywer het". 'n Nuwe tydperk in die geskiedenis van die inrigting word nou betree.

Met verwysing na prof Postma se uitspraak op 4 Augustus dat die beginsel van die PUK Christelik-Nasionaal is – 'n beginsel wat die besieling van ondersteuners was en is – vra Malan of dit só sal bly. Teen die agtergrond van die opkoms van die beweging vir vryheid van denke en ondersoek, veral op wetenskaplike gebied, voel Malan dat verskille erken en verdra moet word. Hy sluit af deur te sê dat die PUK 'n reg van bestaan het en roep hom toe: "In U Lig, Voorwaarts!"


Ook die promotors van die PUK-wetgewing in 1921, oud-senator P van der Walt van Koster en oud-volksraadslid JA Venter van Wodehouse, wie se vrou



*2.5.3*

*FS Malan*





Hoërskool,
Rouxville,
28/3/'31.

Geagte Redakteur,

Laat ek nou maar erken dat ek spyt voel dat ek nie die ingebruik-neming van die mooi geboue van die P.U.K. kan gaan bywoon nie. Glo my, na 'n harde dagtaak van eksamenstelle nasien, vorms en state opmaak, kom die ,,Besembos'' hier by my aangewaai, soos 'n fris noordewindjie. Terwyl my seun die prentjies deur-kyk, skryf ek vir julle. Kort-kort vra hy, ,,Pappie, wie is die '' (een van die redaksie-lede). Nou ja, hoe moet ek hulle ken? Ek, wat nie eers die bliktempels geken het nie. Ek is nog van ,,Oakdene'' se manne —vra vir Dr. Stoker en Dr. Andries (A. J. H. J. van der Walt) en Oom Hansie Schulze. Daar het ons geluister na professore wat julle nie ken nie, Proff. Kamp, Duvenage, Los, en Boshoff. Daar het ons vegilius gelees by Slim Wiekus, en Tsiesero (Cisero) by Prof. Ferri.

Wag, nog 'n ding grief my, en dit is dat ek nie die Re-unie kan bywoon nie, maar wat, julle jong klomp hou die ding reg. Ons oues staan maar pal op die brandwag, ver weg. Dis elf jaar dat ek laas die ou Alma Mater gesien het, en al hou my werk my daar weg, dit sê ek vir julle: Eenmaal, P.U.Kaner, altyd P.U.Kaner. My seun sal daarheen moet gaan al trek ek ook waarheen.

Nou ja, alle heil vir julle werk en ondernemings.

Dankie vir opname.

C. P. VENTER.

***2.5.4***

***CP Venter en 'n afdruk van sy brief in Besembos Junie 1931. Twee van sy seuns, Chris en De Wet, sou ook later Pukke word.***

daardie oggend die rektorskamer in die gebou namens hulle twee geborg het, het kort woorde gespreek.

Mnr Venter was heel verras met die opset op die Bult; die helfte is hom nie vertel nie: "Die plantjie is in smart geplant en het onder verdrukking deur, pragtig uitgegroei. Hy, Mnr. Venter, het gehuil met die huilendes in tye van nood, en vandag is hy hier om bly te wees met die blyes omdat hy een is met die Inrigting en sy beginsels. Die P.U.K. het baie deurgegaan, skande en smaad; dink aan die blik geboue wat meer lyk op tentoonstellings-opstalle. Dink aan die smaad deur die Uniwersiteitskommissie…" Hy waarsku egter dat die innerlike, en nie die uiterlike nie, die krag is en dat die beginsels gehandhaaf moet word indien die PUK 'n krag in die volkslewe wil wees.

Die groot tablet in die saal, ter ere van die Raad en die argitekte, is op versoek van die rektor deur prof JA du Plessis aan die Raad opgedra. Met verwysing na die gebruik van die onchristelike wetenskap teen die geloof in baie lande en waar dit in Rusland in diens gestel is van vervolging van Christene, hoop du Plessis dat hierdie inrigting mag bydra tot die bestendiging van die Christelike wetenskap. Ds WJ de Klerk het namens die Raad die versekering gegee dat dit altyd dié liggaam se duurste roeping en plig sal wees om die beginsels van die inrigting te beskerm.

Na enkele verdere pligpleginge smaak 'n koppie koffie of tee, voorsien deur die Dameskomitee, darem baie lekker "en sien ons 'n groot skare feesvierendes rondom die tafeltjies tussen die groot arms van die gebou ... Die middag word deurgebring met tennis, en om vier-uur sien ons die studente teen die oud-studente optrek op die voetbalveld." Die agterna-versugting van een van die ou menere spreek vir sig self: "As 'n mens eers getroud is en lank al skoolgehou het, of gepreek het, gaan dit maar swaar om die lyf vinnig te vervoer, vandaar die groot pak wat die oud-studente op hulle lyf gehaal het." [4]

En dan is dit aand. "Weer trek die mense in rye-rye op na die sierlik verligte gebou. Voor die gebou staan 'n groot kandelaar, die vorm wat op die P.U.K. wapen staan, in ligte opgemaak. In die saal vlae, blomme, mense, glimlaggies, musiek, feesvreugde. Die pragtige musiek van die orkes van Mnr. T. Wood. Die opgewekte toesprake van Prof. Postma, Ds Jacs. van Rooy, die Burgemeester, Mnr. JF du Plooy en Lektor LJ du Plessis, die geesdriftige studentelied 'Alma Mater' en oorlogskreet, wat die mure laat tril het, die pragtige vuurwerke van Prof. G. van Wageningen: Alles was 'n sierlike kroon vir die feestelike verrigtinge van die P.U.K. Lank lewe die P.U.K.!!!" [5]

Die fisiese aansig van die PUK was vinnig besig om 'n gedaanteverwisseling te ondergaan. Behalwe die sierlike manskoshuis "Heimat", wat in sy Kaaps-Hollandse gegewelde boustyl reeds sedert 1926 soos







***2.5.5***

***Tydens die ingebruikneming van die hoofgebou in April 1931 het die Puk-rugbyspan ("Theos") teen die oudstudente gespeel. Voor die wedstryd het hulle, onder leiding van JF (Jan) du Plooy, die PUK-kreet "Pezula! Pezula" uitgevoer.***



***2.5.6***

***Dolly du Plooy en vriendinne voor Postma-huis.***

Waar die huisvesting van dames tot dusver maar 'n baie lae prioriteit was, het huisvader Eiselen vroeg in 1928 voorgestel dat 'n dameslosieshuis opgerig sal word. Ook wat mans betref, was daar in hierdie tyd 'n behoefte aan meer koshuisruimte.[6] Daar is egter met die saak gesloer, totdat die oprigting van die hoofgebou meegebring het dat die sinkgebou "Ons Huis" gesloop moes word.

Dit was steeds maar 'n gespartel om die nodige fondse vir die oprigting van hierdie geboue te verkry. 'n Aanvanklik beraamde bedrag van £6 500 het by tendervraging geblyk hopeloos te min te wees. Nadat 'n versoek om 'n lening by die regering in Desember 1929 vanweë besware van die Tesourie nie suksesvol was nie, het die Raad tydelike en tussentydse finansiering van die immer-helpende hand van die kuratore van die Teologiese Skool verkry en is vroeg in 1930 'n begin gemaak met die oprigting van die dameskoshuis. Die hoër tenders as waarvoor begroot is, het veroorsaak dat die manskoshuis voorlopig agterweë moes bly.[7]

In Augustus 1930, die maand waarin dr Malan die hoeksteen van die hoofgebou gelê het, het sy departement die PUK in kennis gestel dat die totale bedrag vir albei die nuwe koshuise (£10,200) wel bewillig is en kon dadelik begin word met die bou van die reeds beplande manskoshuis. Albei koshuise is vroeg in 1931 betrek. Die dameskoshuis, met plek vir tien dames en die huisouers, het die naam "Postma-huis" gekry terwyl die mansstudente die naam van hul gesloopte sinkgebou, "Ons Huis", op die nuwe spoggebou oorgedra het.[8]

Vir die studente was die nuwe geboue 'n belewenis uit 'n ander wêreld, iets waarna so baie uitgesien is. So kom dit dat die opening van die nuwe akademiese jaar 1931 in die "pragtige" nuwe saal van die hoofgebou plaasvind en dat vanaf die volgende week in die nuwe lokale klasgeloop kon word. Die nuwe geboue is bestempel as " 'n sieraad vir Potchefstroom", - in teenstelling met die eertydse "gesigsbelemmerende blik-tempels". En tog was daar nostalgie oor die ou "blik-tempels" of "blik-kantore" wat "hulle deel, miskien die belangrikste deel, bygedra (het) in die ontwikkelingsgeskiedenis van ons inrigting. Vir ons oueres het hulle byna monumente geword deur die belangrike rol wat hulle in ons eie ontwikkelingsgeskiedenis gespeel het".[9]

En dan was daar die nuwe koshuise. Oor Postma-huis was daar vreugde en verwagtinge by die mansgeslag: "Ons is bly dat ons dames nader aan ons kom; dit sal die lewe meer interessant maak."[10] Oor die nuwe manskoshuis was daar ook blydskap: "Dit was ook nie minder aangenaam vir die swerwende 'Ons Huisers' om eindelik in die gerieflike nuwe 'Ons Huis' 'n permanente woonplek te vind ... Ons kan nie nalaat om hulle geluk te wens met die verdiende verbetering en tuiste nie - hulle het baie ongeriewe moes uitstaan voor dit bereik was. Hulle sal in die volgende winter nie meer op die horings van die dilemma, van gaan brekvis en verkluim of bly weg en kom van honger om, wees nie." Daar is nou reikhalsend uitgesien na nuwe laboratoriums, vir die natuurkundige fakulteit, wat as "absoluut noodsaaklik vir die vooruitgang van die P.U.K." bestempel is.[11]


Hoewel die vervanging van die sinklaboratoria reeds in 1928, na die herrie rondom die Van der Horst-verslag, as noodsaaklikheid beskou is, kon die nodige finansiering te midde van knellende landstoestande en die ander bouprojekte van die PUK nie verkry word nie en sou hiérdie ideaal eers teen die middel dertigerjare verwesenlik word.

## 2.5.4 Die "kamerstelsel"

Die kamerstelsel, wat tydens die reünie en kongres van PUK-komitees met die hoeksteenlegging van die hoofgebou beslag gekry het as unieke wyse van fondsinsameling ter delging van die koste van hierdie sieraad op die kampus, was 'n groot sukses en het wye belangstelling ontlok. Hierdie unieke stelsel van fondsinsameling het afgeskop met die aankondiging, midde in die hoeksteenlegging seremonie op 4 April 1930, dat kommandant AJ (At) Alberts die senaatsaal vir £800 sou borg. Daarmee het hy, in die woorde van Postma, " 'n vuurhoutjie in droë hout gesteek - die vlamme begin ooral uitslaan".[12]

Die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR) het kort op Alberts se hakke gevolg en pa gestaan vir die studiesaal (£922) en daarmee " 'n monument opgerig wat baie duidelik praat", terwyl die Gereformeerde Kerk Melville die lokaal van dr HG Stoker, 'n kind uit hul gemeente, vir £735 geborg het. Hierdie daad is beskou as 'n groot eer vir Stoker, wat op daardie stadium nog in die buiteland was – 'n voorreg wat hom deur ander professore beny maar terselfdertyd van harte gegun is.[13]

Ook nog in 1930 het die PUK-dameskomitee (Potchefstroom) in medewerking met die PUK-personeel dit op hulle geneem om £4 794 te in vir die groot saal. "Langs hierdie weg", rapporteer 'n dankbare Postma, "gaan die hoofgebou van die P.U.K. 'n historiese gebou word met die **koperplate** in elke kamer as 'n gedagtenisplaat van die milde gewer of gewers."[14] Hoë verwagtinge is gekoester dat die hoofgebou se vertrekke binne 'n jaar of so "uitbestee" sou wees: "In die ou Voortrekkerstad sal dan 'n gebou staan, enig in sy soort, 'n monument wat getuienis gee van die krag van die beginsel op die hoeksteen ingebeitel: In U Lig."[15]




*2.5.7*

*Kampus in wording.*

Vir Ferdinand Postma was hierdie byeenkoms die verdere vervulling van die droombeeld wat hy reeds in 1918 opgetower het, toe hy verwys het na die uitgebeitelde skriftekste in die voorportaal van Calvyn se kollege.

Hoewel die versugting oor uitbesteding binne 'n jaar of so nie verwerklik is nie, het daar vir die volgende klompie jare 'n stewige stroom bydraes in die vorm van kamerborgskappe ingestroom. Hierdie borgskappe was egter van meet af aan nie beperk tot vertrekke van die hoofgebou nie, soos blyk uit die lys vir 1931: [16]

- Kamer nr 6 (prof Coetzee): Venterstad £453
- Rektor se kamer: mnr en mev JA Venter £300
- Tikster se kamer en brandkas: Philipstown £372
- Assistent-Registrateur se kamer en argief: Lichtenburg £259 en £163
- Registrateur se kamer: Piet Retief £261
- Damesvergaderkamer: Ladybrand £266
- Vestibule: Ficksburg £324
- Kamer nr 4 (prof JC van Rooy): mnr JJ Versluis £504
- Kamer nr 3 (mnr Labuschagne): Burgersdorp £529
- Kamer nr 2 (prof G Dekker): Pretoria £730
- Kamer nr 11 (prof DJ van Rooy): mev J Marais £529
- Kamer nr 12 (LJ du Plessis): Reddersburg £504
- Kleedkamer: mnr WA Botha £100
- Biblioteek: Kinders en jongmense, Geref Kerk £505
- Leeskamer manslosieshuis: Barkly-Oos £388
- Kamer nr 9 (dr PJ van der Merwe): Krugersdorp £730
- Administrasiekamer Biblioteek: Bethulie £194
- Leeskamer dameslosieshuis: Klerksdorp £237
- Woonkamer huisvader: Maquassi £237
- Here wag- en waskamer: Postmasburg £638

In November 1931 is 'n begin gemaak met die aanbieding van gedenkplate en was die eerste ontvangers die kuratore van die Gereformeerde Kerk, die stadsraad van Potchefstroom, mev Jannie Marais van Stellenbosch en mnr en mev JA Venter, oud-volksraadslid. [17]

'n Opmerklike afwesige in die lys van ontvangers van gedenkplate is kommandant At Alberts, wat die bal aan die rol gesit het. Hy figureer ook nie in latere erkennings nie en, wat meer is, in 1940 word gerapporteer dat die senaatsaal, wat met groot fanfare in 1930 deur Alberts geborg is, deur mev en wyle mnr P Stoker gefinansier is. Iewers langs die pad het Alberts en die PUK se paaie skynbaar uitmekaargedraai en is sy grootste gebaar nooit deurgevoer nie.

Dit wil voorkom asof verhoudinge tussen kommandant Alberts en die PUK versuur het. Waaroor, en wanneer, is nie duidelik nie. Sedert sy aanstelling as regeringsver teenwoordiger in April 1929 het Alberts net een keer 'n vergadering van hierdie bestuursliggaam bygewoon en is sy afwesigheid sewe keer sonder verskoning en drie keer met verskoning aangeteken. [18] In November 1931 het hy sy bedanking as raadslid ingedien. Van die Raad se kant is gepoog om hom sover te kry om sy bedanking terug te trek, maar toe hy na twee briewe glad nie gereageer het nie, is sy bedanking aanvaar. [19]

Die depressie en moeilike ekonomiese omstandighede het ook perke gestel aan hierdie soort finansiële onderskraging, maar oor die volgende aantal jare is daar tog nog heelwat kamers opgeneem. [20]

Opneem of uitbesteding van vertrekke of lokale was 'n maklike saak – die moeiliker gedeelte was die betaalslag. So byvoorbeeld het die twee Gereformeerde gemeentes Bethulie en Philipstown eers in 1938 hul beloftes van 1931 in geldwaarde omskep, [21] terwyl die PUK-dameskomitee en personeel die bedrag van £4 794, wat reeds in 1930 vir hul rekening geneem is, eers in 1939 afgelos het. [22]

Heelwat ander persone en instansies het ook hul kant gebring. Die name van skenkers op die koperplate in die vertrekke was vir die altyd erkentelike Postma 'n duidelike teken "van die bereidwilligheid om 'n inrigting wat op 'n beslis Christelike grondslag werk en bou te ondersteun en is 'n duidelike bewys dat die P.U.K. ook in hierdie opsig die gevoele vertolk van die volk wat Christelik-nasionaal is". [23] Vir kritici van die PUK sou 'n uitspraak soos hierdie natuurlik meer as genoeg skietgoed gegee het om Postma (en dus ook die PUK)

skietgoed gegee het om Postma (en dus ook die PUK) van arrogansie en/of grootdoenerigheid te beskuldig. Of Postma darem die totaliteit van "die volk" wat Christelik-nasionaal dink as morele ondersteuners kon "annekseer", sou darem te dik wees vir 'n daalder.

Teen 1940 [24] het die stelsel wyd geloop en is bronsplate in talle geboue op die kampus aangebring, onder andere in

- die senaatsaal: Mev en wyle dr. P Stoker (£700)
- laboratorium vir Plantkunde: Stadsraad Potchefstroom (£2 000)
- laboratorium vir Aardrykskunde: Potchefstroom Kamer van Koophandel ("weens die milde wyse waarop altyd deur die handelaars van Potchefstroom tot die fondse bygedra is")
- laboratorium vir Skeikunde, deur prof DJ du Plessis aan die rektor opgedra "as blyk van erkenning vir bewese dienste"
- kamer nr 5 van "Ons Huis": die familie Yssel.

Hierna het kamerfondse sterk afgeneem en het die klem geval op die boufonds en ander maniere van fondsinsameling. Die feit is dat die kamerstelsel 'n blink idee was, dat dit wyd aanklank en ondersteuning gevind het en dat in die proses uiters waardevolle finansiële ondersteuning aan die worstelend-groeiende universiteitskollege gebied is. [25]

Die stelsel het psigologies op die regte tydstip sy beslag gekry, naamlik toe die verontwaardiging met die onvriendelike verslag van die Van der Horst-kommissie steeds hoog geloop het en dié doemprofesie geloënstraf is deur die sierlike hoofgebou en statige koshuise wat midde in die sinkgeboue-kompleks op die PUK-kampus sy verskyning gemaak het. Die PUK was vinnig besig om hom uit sy Aspoesterkleed los te wikkel ...



***2.5.8***
***Kampus-aansig vanaf die suidelike ingang, begin veertigerjare.***